**3 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 11:2-19**
**Fokusgedeelte: Matteus 11:12**

**Koninkryk – breek self deur. Span jouself kragtig daarvoor in!**

*"Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in besit." (NAV)*
*"Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die koninkryk van die hemele bestorm, en bestormers gryp dit met geweld." (OAV)*

Johannes was in 'n tronk. Hier hoor hy van die dade van Christus soos in verse 8 en 9 beskryf. Tog is hy onseker of Jesus die Een is wat sou kom, waarskynlik omdat hy self nog steeds in die tronk is en moontlik omdat Jesus se optrede nie met sy aankondiging van 3:12 ooreenkom nie. As antwoord verwys Jesus na wat julle hoor (vgl. 5-7) en sien (8, 9). Die twyfel (aanstoot) waarteen Jesus hier waarsku, kan oorgaan in ongeloof en verwerping van Jesus. Jesus sê Johannes is 'n ware profeet – nog meer as 'n profeet – omdat hy die koms van die Messias aankondig en Hom ook aangewys het.
Hy was die boodskapper en die een wat die Messias se pad moes regmaak. Daarom beklee Johannes 'n unieke posisie en is daar niemand onder die profete groter as hy nie, maar selfs die geringste van Jesus se volgelinge wat deur Hom reeds 'n aandeel aan die koninkryk het, is groter as die unieke Johannes. Dit beteken nie dat Johannes uit die koninkryk uitgesluit word nie, maar onderstreep net dat met Jesus die tyd van vervulling aangebreek het.
Sedert Johannes is die koninkryk dus kragtig aan die werk en kry mense met inspanning 'n aandeel daaraan. Tog kan vers 12 waarskynlik só vertolk word dat die koninkryk sedert Johannes hewig teengestaan word en geweldenaars (teenstanders) dit probeer plunder (12:29; 13:19). Hierdie verset teen Johannes en Jesus blyk duidelik uit verse 18 en 19. Ten spyte van teenstand breek die koninkryk kragtig deur. Span jou kragtig in om dit in besit te kry!

*Sing: Psalm 33:6* *Ds. MP Fourie (Aliwal-Noord)*